# GENERAAL J.C.G. KEMP, 1934-1939: REPUBLIKEIN OF NIE?

*Johan Ligthelm en Leo Barnard

***Summary***

*In the current political situation in South Africa we find that members of a certain political party leave its ranks to join another party - this happens without much ado. Politicians easily swop their political ideals for others - this has become common political practice. In the earlier political history of South Africa it was a different story. The establishment of the United South African Party in 1934 united General JBM Hertzog's National Party and General JC Smuts' South African Party. The Nationalists under Dr DF Malan was of the opinion that the fusion of "nationalism" and "imperialism", being the outlook of the two different united groups, would not be successful. This would also require the nationalistic and republican icon, Genl. JCG Kemp, who sided with Hertzog, to become "converted". His tough republican view had to change. The question can be posed did he change or not?*

---

In die huidige Suid-Afrikaanse politieke situasie, verlaat lede 'n sekere politieke party om by 'n ander aan te sluit - dit vind sonder enige groot bohaai plaas. Dit het algemene politieke praktyk geword dat politici se ideale verander. In die vroeëre politieke geskiedenis van Suid-Afrika was dit egter 'n perd van 'n ander kleur. Met die stigting van die Verenigde Suid-Afrikaanse Party in 1934 het generaal JBM Hertzog se Nasionale Party en generaal Jan Smuts se Suid-Afrikaanse Party (SAP) verenig. Die Nasionaliste onder dr. DF Malan was van mening dat die samesmelting van "nasionalisme" en "imperialisme" nie suksesvol sou wees nie. Dit sou verder daartoe lei dat die nasionalistiese en republikeinse ikoon, generaal JCG Kemp, wat Hertzog gesteun het, hom moes "bekeer". Sy onwrikbare republikeinse uitkyk sou moes verander. Die vraag kan gestel word: het hy verander of nie?

Reeds sedert 1933, en selfs vroeër, was dit duidelik dat Hertzog 'n weg betree het waarop sommige Afrikaners nie bereid was om hom te volg nie. Een van die groot bronne van onenigheid was die republikeinse kwessie. Hertzog het nie as kamp-

* Departement Geskiedenis, Universiteit van die Vrystaat. E-pos: bonita.duursema@up.ac.za; barnards.hum@mail.uovs.ac.za.

vegter vir hierdie, vir talle 'n verterende, ideaal opgetree nie; hy het trouens die republikeinse ideaal begin verwerp en die strewe probeer bekamp.[1] Hy was 'n vurige voorstander van nouer vereniging tussen Afrikaans- en Engelssprekendes in die Unie en ten gunste van soewereine onafhanklikheid vir Suid-Afrika, vry van vreemde heerskappy. Vir hom was die behoud van bande met Brittanje egter ook van belang, aangesien hy besef het dat verbreking van dié bande tot vyandskap met die Engelssprekendes sou lei en sy eenheidsideaal van die twee taalgroepe sou benadeel.[2]

Daar is met die stigting van die Verenigde Party, op 5 Desember 1934, 'n Program van Beginsels aanvaar, waarvolgens Suid-Afrika deel van die Britse Ryk sou bly. GD Scholtz beweer: "Vooraanstaande manne van hierdie Party het dan ook onmiddellik daarop gewys dat daar in hierdie organisasie geen plek vir 'n voorstander van 'n republiek was nie."[3] Reeds op 8 Desember 1934 het Patrick Duncan op Queenstown verklaar dat "so far from the United Party adopting the principle (of republican propaganda) the party was the one big thing that stood between South Africa and the republicanism of Dr Malan."[4] Op 28 Desember 1934 het Smuts verklaar: "If you want republicanism and secession your place is not in the new party."[5] Op 15 Desember 1937 het kol. CF Stallard, leier van die Dominiumparty, in die Volksraad verwys na 'n uitlating wat Kemp gemaak het, naamlik dat almal by die Verenigde Party moes aansluit om 'n republiek te verkry. Smuts het geantwoord: "I treated it as a joke."[6]

Kemp se nasionalisme het van hom 'n vurige republikein gemaak. Smelter-politici soos Kemp en adv. Henry Fagan het egter nou by herhaling verklaar dat hulle republikeine was, dog dat daar geen hoop vir republikanisme in Suid-Afrika was nie. "Wat is die nut van 'n leer wat geen kans het om tot vervulling gebring te word nie? .....Republikanisme is 'n dooie strydvraag en geen praktiese politiek nie. Suid-Afrika sal homself aan buitelandse aanvalle blootstel as hy republikanisme aanvaar",[7] het Kemp verklaar. Tydens 'n vergadering op Lichtenburg op 23 Mei 1935, het Kemp tydens vraetyd gesê dat daar op daardie tydstip nie so iets soos die Britse konneksie bestaan het nie, aangesien Suid-Afrika aan Engeland slegs bande

---

1 PW Coetzer en JH le Roux (red.), **Die Nasionale Party**, Deel 4 (1986), p. 299.

2 JH le Roux (red.), **Genl. JBM Hertzog. Sy strewe en stryd**, Vol. II (1987), p. 624; **JCG Kemp-versameling**, Band 4, ongepagineerd, brief van Minister van Lande aan JH Snyman, 25 September 1936.

3 GD Scholtz, **Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner**, Deel VII (1979), p. 573.

4 **The Star**, 10 Desember 1934; adv. P Duncan was die Suid-Afrikaanse Party se Volksraadslid vir Yeoville.

5 **The Rand Daily Mail**, 29 Desember 1934.

6 **Scholtz**, p. 573.

7 **Die Volksblad**, 1 Oktober 1935; HA Fagan was die Nasionale Party Volksraadslid vir Swellendam, verkies in 1933.

van vriendskap kon bied. "Ons besit soewereine onafhanklikheid", het hy gesê.[8] Op 25 Mei 1935 het Kemp te Sannieshof, tydens 'n vergadering, op 'n vraag of Suid-Afrika neutraal kon bly as Engeland in 'n oorlog gewikkel was, dit duidelik gestel dat die Unie nie neutraal sou kon bly nie.[9] Kemp se uitsprake kan verbind word met die "soewereine status" van Suid-Afrika, soos deur hom gesien.

Op dieselfde dag, te Schweizer-Reneke, het Kemp 'n mosie van wantroue op die lyf geloop. Die mosie het gelui: "U het moeg geword vir die stryd om soewereine onafhanklikheid en u het die knie voor die imperiale Baäl gaan buig. U het u gaan skaar aan die kant van die sogenaamde beskermer van klein nasies, in plaas van saam met ons en duisende ander te help om die vaandel van nasionalisme hoog te hou. U is deur die imperiale stroom meegevoer en het samerotting met die aartsvyande van die Afrikaner volk gaan maak, die aartsvyande wat die Afrikaner volk nog altyd beveg het en aan wie ons deur offerandes in bloed betaal het."[10] Kemp het gesê dat dit soos water van 'n eend se rug afrol en dat hy hom nie daaraan steur nie. Die vraag kan met reg gevra word of dit nie werklik aan Kemp se gewete geraak het nie? Hierdie voorvalle het so reg in die kraal van die oud-Sappe gepas. Mnr. SF Waterson, Verenigde Party-volksraadslid vir Suid-Skiereiland, het gejubel deur te sê: "Vier ministers het nou al te kenne gegee dat Suid-Afrika gebonde is om Simonstad ten behoewe van Groot Brittanje in oorlogstyd te verdedig en dat die regering hierdie verpligting sal nakom."[11] Een van die ministers na wie hy verwys het, was Kemp. Die Smelter-volksraadslid het reg gehad om te jubel. Hy was reg om in dieselfde asem so sydelings een van die imperialiste se doeleindes met die smeltery, met die hand van vriendskap aan te raak: "Met die oog op die wêreld-toestand was dit noodsaaklik om hier 'n regering aan bewind te kry op wie Brittanje in geval van oorlog sou kon staatmaak."[12] Dit wil voorkom asof die spel van die imperialiste, ten minste op daardie oomblik, geslaag het.

Waterson se opmerking het niks onthul wat nie vroeër bekend was nie en Kemp se antwoorde het die situasie juis weergegee: "Behalwe vir die ongelukkige eks-nasionaliste, wat nog in hul harte Nasionaal voel, maar uit slaafse aanbidding van 'n persoon hul oë opsetlik vir onaangename feite styf toeknyp, besef elkeen dit, en het dit besef vanaf die oomblik dat die Smeltersregering verklaar het dat hy by die Simonstadse-ooreenkoms staan."[13] **Die Burger** meld in sy berig "Jan Kemp, Imperialis", dat Kemp klaarblyklik blymoedig die nuwe koers gevolg het; dié koers wat hy in die verlede met soveel bitterheid en een-en-twintig jaar lank met die

8 **Die Burger**, 24 Mei 1935.
9 **Die Transvaler**, 27 Mei 1935.
10 **Ibid**., 28 Mei 1935.
11 **Die Burger**, 30 Mei 1935.
12 **Ibid**.
13 **Ibid**.

geweer in die hand, weerstaan het. Waar ander oud-Nasionale ministers oor die onderwerp van neutraliteit eierdanse uitgevoer het, het Kemp prontuit sy standpunt gestel. Die verslaggewer beweer dat Kemp die "Empaaier" bo sy nasionale ideale gestel het: "Genl. Kemp, die verkondiger van die ou imperialistiese politiek."[14]

**Die Volksblad** berig op 23 Junie 1936 dat die Smelters op die platteland verkondig dat hulle eintlik die mense was wat in die rigting van 'n republiek beweeg het, terwyl die Nasionaliste die republikeinse ideaal belemmer het. Die beriggewer vra hoe die Empire-handhawing met 'n republikeinse rigting gerym kon word en hoe die Smelters op so 'n vraag sou kon antwoord?[15] Die berig beweer dat Kemp die vorige week op Beaufort-Wes gesê het dat die Nasionale Party die grootste vyand van die republiek was.[16] Die berig verklaar voorts: "Dit klink seker baie mooi op die verhoog in 'n Nasionale distrik soos Beaufort-Wes. Maar klim die Ministers op die platform in 'n stad soos Oos-Londen, dan vertel hulle dat die republikeinse ideaal 'n grap was, en 'n slegte grap daarby."[17] Die berig beweer Kemp se uitlatings was fyn berekend om, wanneer jy kastig ten gunste van 'n republiek is, jou in dieselfde party te verbind met aarts-imperialiste soos adv. Leslie Blackwell en CP Robinson - wat hul enigste heil in die Union Jack gesien het. Die berig meld dat as jy jou doel volgens die Kempiaanse leer wil bereik, "sluit dan aan by die geswore vyand van die doel".[18] Die beriggewer maak die stelling dat indien Kemp so iets beweer het, hy besig was om óf sy gehoor óf homself te bedrieg: "Van die twee is volksbedrog die oneerlikste en selfbedrog die domste. Want die volk laat homself nie op die aanhou bedrieg nie, maar selfbedrog kan aanhou totdat dit ongeneeslik word."[19] Hierdie opmerkings ten opsigte van sy persoon het sekerlik nie maklik op Kemp se oor geval nie.

Tydens sy besoek aan Engeland het Kemp op 4 Augustus 1936 dit weer eens beklemtoon dat republikanisme in Suid-Afrika nie meer prakties haalbaar was nie.[20] **Die Volksblad** berig dat Kemp na die onderhoud, wetende dat dit na Suid-Afrika oorgekabel sou word, dadelik na Reuters toe gegaan het en 'n ontkenning die wêreld ingestuur het. Hy het gesê sy werklike woorde was: "Ek is 'n gebore republikein en sal altoos 'n republikein bly, maar besef ten volle dat republikanisme geen praktiese politiek is nie."[21] Die vraag ontstaan: waarom hierdie jakkalsdraaie van Kemp? Was dit om die republikeinse gevoel in die volksgemoed wakker te hou

14 **Ibid**.
15 **Die Volksblad**, 23 Junie 1936.
16 **Ibid**.
17 **Ibid**.
18 **Ibid**; CP Robinson, Suid-Afrikaanse Party-volksraadslid vir Durban-Stamford Hill en adv. L Blackwell, SAP-volksraadslid vir Bezuidenhout.
19 **Ibid**.
20 **Ibid**., 6 Augustus 1936.
21 **Ibid**.; **VP-argief**, koerantuitknipsel, berig in **Die Volksblad**, 27 Augustus 1936.

deur voor te gee dat hulle eintlik in die rigting van 'n republiek beweeg deur met die Engelse saam te werk?

**Die Burger** beweer op 7 Augustus 1936 dat met die anti-republikeinse propaganda die "nuwe genl. Kemp, die gewese rebel wat tot imperialis bekeer is, ten minste konsekwent is. Hy is lid van 'n kabinet wat die teenoorgestelde van 'n republikeinse koers volg."[22] Hy sou egter meer gerespekteer word as hy sy propaganda openlik voer en nie onder die dekmantel van "ek is nog 'n republikein" nie.[23] **The Friend** van 1 Junie 1937 meld dat daar tydens 'n vergadering op Senekal aan Kemp gevra is waarom hy in 1914 die geweer opgeneem het. Kemp se antwoord was dat hy gedink het die minderheid kon sy wil op die meerderheid afdwing, maar dat hy sedertdien tot die besef gekom het dat die meerderheid regeer.[24] Kemp beweeg nou van rebel na demokraat.

**The Star** van 22 Junie 1937 het oor die republikeinse opmerkings van Kemp geskryf dat hy in hart en niere 'n republikein kon bly en dat hoewel hy partyvas was, nogtans in die binnekringe van die party republikanisme kon verkondig en waarskynlik 'n gedugte afranseling daarvoor te wagte kon wees. Daar is verklaar dat Kemp selfs die skugter en weifelende plattelanders in die Smelterkraal kon lok deur voor te gee dat, sodra hulle ingeburgerde lede van die party is, hulle die sienswyse van die meerderheid kon verander. Verder is beweer dat indien die Unie 'n paar jaar tevore republikanisme en monargisme die politieke skeidslyn gemaak het, Kemp hom ten doel sou gestel het om republikeine in een kraal en monargiste in 'n ander kraal te jaag. Dit sou, volgens die beriggewer, 'n erger en meer verbitterde verdeeldheid in die land teweeggebring het, as wat taal en ras veroorsaak het.[25]

Leslie Blackwell rig op 18 Junie 1937 'n brief aan Louis Esselen waarin hy verwys na 'n berig in die **Sunday Times** waarin Kemp sou gesê het dat die Gesuiwerdes die groot vyande van 'n republiek was, wat alleenlik verwesenlik kon word indien 90% van die kiesers ten gunste van 'n verandering in regeringsvorm sou stem. Hy verwys na Kemp wat verklaar het dat die Verenigde Party die werklike verteenwoordigers van die "Volk van Suid-Afrika" was en dat die "Gesuiwerdes" deur hulle wegbreekaksies in 1934 die republikeinse ideaal skade berokken het. Hy verkla Kemp dat hy in sy toesprake op die platteland, waarin hy republikanisme goed praat, poog "to tickle the ear" van die plattelandse kiesers en nie daarmee tred

22 **Die Burger**, 7 Augustus 1936.
23 **Ibid**.
24 **The Friend**, 1 Junie 1937.
25 **The Star**, 22 Junie 1937; WA Muller, **Dr. HF Verwoerd se joernalistieke bydrae tot die republikeinse idee** (MA-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1973), p. 30.

hou dat daar duisende kiesers in die stede was wat anders gevoel het oor die saak nie.[26]

**Die Republikein** wys op 22 Junie 1937 in sy kommentaar daarop dat die imperialis dwarsdeur die Suid-Afrikaanse geskiedenis doodsbenoud was vir die republikeinse ideaal, omdat hy alte goed besef het dat dit dié een ding is wat hom in sy wederregtelike besitname van die land se rykdomme sou steur. Die berig meld voorts dat 'n republiek die mees doeltreffende middel was waardeur die Boerenasie sy eersgeboortereg in die land kon herstel en raai imperialiste aan om vriendskaplike betrekkinge met die Hertzog-groep aan te knoop.[27] In die geledere van die Smelters was daar diegene wat die mening gehuldig het dat republiekwording moontlik gerealiseer kon word indien alle republikeine by dié party aansluit. Dit was waarskynlik die mening van 'n minderheidsgroep, waarvan Kemp een was. WA Muller stel dit soos volg: "Die Afrikaner het steeds die monargie as 'n vreemde regeringsvorm bestempel. Daarom was die regeringstelsel van die Voortrekker republikeins van aard."[28] Suid-Afrikaners soos Kemp, het geglo in 'n demokratiese regeringsvorm, onafhanklik van vreemde oorheersing. Volgens hulle was 'n republikeinse regeringsvorm, met 'n president as staatshoof, ideaal. Op 31 Mei 1961 sou hierdie ideale 'n werklikheid word toe die Republiek van Suid-Afrika tot stand gekom het.

In **Die Burger** van 30 Junie 1937 verskyn daar 'n berig onder die opskrif "Empire-propaganda", waarin gemeld word dat die moontlikheid van 'n Europese oorlog daartoe lei dat 'n tydskrif soos die Londense **Round Table** heelwat aandag gee aan vraagstukke soos verdediging. Die berig meld: "In die lig van die onsinnige praatjies wat in ons land versprei word in 'n poging om die Regering se imperialistiese politiek te regverdig, is die mening in die jongste uitgawe van hierdie tydskrif interessant."[29] Voorts is gemeld dat die Nasionale Party in Suid-Afrika 'n beleid van neutraliteit voorstaan en daarom is die Nasionaliste deur 'n deel van die Smeltersparty as isolasioniste uitgeskel, terwyl mense soos Kemp neutraliteit voorgestaan het wat óf buitengewone onkunde openbaar het óf veronderstel het dat sy gehoor te onkundig was om te weet wat neutraliteit beteken.[30]

Tydens hul reise in die Transvaal gedurende Julie 1937, het Kemp en Oswald Pirow openlik verklaar dat "as julle 'n republiek wil hê, kom sluit by die Verenigde

---

26 **VP-argief**, korrespondensie B 1932-1940, brief L Blackwell aan L Esselen, 18 Junie 1937.
27 **Die Republikein**, 22 Junie 1937.
28 **Muller**, p. 36.
29 **Die Burger**, 30 Junie 1937.
30 **Ibid**.

Party aan.".[31] Op Warmbad het Kemp na die Anglo-Boereoorlog verwys, wat deur die twee republieke verloor is, omdat daar nie eenheid in die geledere van die Afrikaners was nie. [32] Kemp het hier blykbaar die destydse politieke stryd met die vryheidstryd van 1899 tot 1902 vergelyk. Dit is helaas waar dat baie Afrikaners destyds gehensop het. Talle van hulle het by die vyand aangesluit en so bygedra tot die twee republieke se ondergang en die tydelike vernietiging van die ideale van die Afrikanerdom. Die vraag is egter wie op daardie stadium gehensop het? Wie het spioene van die vyand geword? Wie het by die vyand, wat die ondergang van die republieke bewerkstellig het, aangesluit? En wie het onder dieselfde politieke kombers as die destydse vyande van die Afrikaner gelê? Volgens **Die Volksblad** wou Kemp almal bymekaarbring in die imperiale kraal waarin hyself beland het. Die blad het Kemp versoek om hand in eie boesem te steek.[33]

Op 7 Oktober 1937 het Kemp te Malmesbury aan die Nasionale Party gevra: "As julle gesuiwerde Nasionaliste nie oorlog wil maak om 'n republiek te kry nie, waarom tree julle nie toe tot die groot Verenigde Party en verkry dit deur middel daarvan nie?"[34] Op 12 Februarie 1938, tydens 'n groot politieke vergadering te Mosselbaai, het Kemp, met betrekking tot die beskuldiging teen die Regering in verband met die Spesiale Diensbataljon, gesê dat Suid-Afrika nie verplig was om aan Engeland se oorloë deel te neem nie, dat Suid-Afrika vry en onafhanklik was om oor sy eie toekoms te beslis[35] en dat daar geen rede vir Suid-Afrika was om aan enige oorlog deel te neem indien hy aangeval sou word nie.[36]

Mnr. FC Sturrock, Minister sonder Portefeulje, verklaar op 26 Februarie 1938 te Rosettenville, dat republikeine welkom is in die Verenigde Party, aangesien hulle nie republikeine sal bly nie. Volgens hom is Kemp en Hertzog nie meer republikeine nie. Op 'n vraag of daar hartlike samewerking in die Kabinet bestaan, het die Minister bevestigend geantwoord. Op die daaropvolgende verwysing na Kemp, het hy gesê dat laasgenoemde beslis nie die republikeinse beginsel huldig nie en beweer dat geen ander minister dit doen nie. Op 'n vraag hoekom die Verenigde Party republikeinse propaganda toelaat, het hy geantwoord dat almal vry was om te sê wat hulle wil, maar dat die Party as sodanig hom daartoe verbind het om die Britse konneksie te handhaaf. Op 'n volgende vraag of Hertzog en Smuts se standpunte insake die Unie se status met mekaar verenigbaar was, het hy gesê: "Ek sal nie drie minute in die Kabinet bly as dit nie die geval was nie."[37] Die vraag kan

31 **Die Volksblad**, 3 Julie 1937; Oswald Pirow was op dié tydstip Minister van Spoorweë en Hawens.
32 **Ibid**.
33 **Ibid**.
34 **Die Burger**, 8 Oktober 1937.
35 **Ibid**., 14 Februarie 1938.
36 **Ibid**.
37 **Ibid**., 27 Februarie 1938.

met reg gevra word of dit nie 'n wanvoorstelling van Kemp se ware karakter was nie? In wese was hy 'n geharde republikein en sou sy uitsprake in dié verband, na 6 September 1939, die redes vir sy optrede ophelder.

**Die Transvaler** berig op 26 Februarie 1938 dat JH Hofmeyr op 'n vergadering te Verulam op 'n vraag waarom die Verenigde Party nie die gevaarlike "vryheid tot republikeinse propaganda"[38] uit sy program haal nie, geantwoord het dat die Verenigde Party elkeen die vryheid gun om sy idees te verkondig, "maar die bepaling in die konstitusie van die Party word voorafgegaan deur die volgende kwalifikasie, terwyl die Party die handhawing van ons huidige grondwetlike posisie voorstaan. Kemp kon moontlik op Fauresmith gesê het dat, as die Nasionaliste by die Verenigde Party aansluit, hulle 'n republiek kan kry as hulle dit wil hê. Hy het verklaar dat hy in 'n republiek gebore is en dat hy vir een geveg het, maar hy het baie goed besef dat daar nie sprake van 'n republiek in Suid-Afrika is nie."[39]

Voor ongeveer 600 Malmesbury-kiesers het Kemp op 15 Maart 1938 op 'n vergadering uitgeroep: "Ek is vir 'n republiek - hart en siel."[40] Hy het weer eens na Malan verwys as die grootste vyand van 'n republiek. Hy het gesê dat in 1926 en 1927, toe die Statuut van Westminster nog 'n belofte was, Malan die land deurreis, vergaderings gehou en gesê het: "Ek beskou Engeland as die moeder van ons vryheid."[41] Voorts het hy verwys na Malan se toespraak op 7 Oktober 1927 te Robertson, toe hy gesê het dat Suid-Afrika se afskeiding alleen van groter vryheid tot minder vryheid kan lei.[42] Hy het Malan daarvan beskuldig dat hy die volk gruwelik mislei het.

Op 22 Maart 1938 berig **Die Transvaler** onder die opskrif "Wiens brood men eet....,"[43] dat Kemp nie van Augustus 1936 tot Maart 1938 sy woorde kon onthou nie: "Hierdie verskil in tyd en ruimte het Kemp seker op Saterdag op Makwassie as nuttige bondgenoot beskou, toe hy verduidelik het dat die Nasionale Party dan besig is om die republikeinse idee te ondermyn en dat slegs 'n meerderheidsparty iets soos 'n republiek in die lewe kan roep."[44] Volgens die berig het Kemp se republikeinse gevoelens soos die jaargetye gewissel. Dit het net afgehang van waar hy hom bevind het of hy 'n republikein of monargis was. Die berig het hom beskuldig dat as hy in die Wes-Transvaal was, waar die meeste mense aan die republikeinse idee geglo het, hy hart en siel ten gunste van 'n republiek was. Dan

[38] **Die Transvaler**, 26 Februarie 1938; JH Hofmeyr was op daardie tydstip Minister van Onderwys en bedank m.i.v. 10 September 1938 as minister.
[39] **Ibid**.
[40] **Die Burger**, 16 Maart 1938.
[41] **Ibid**.
[42] **Ibid**.
[43] **Die Transvaler**, 22 Maart 1938.
[44] **Ibid**.

nooi hy alle republikeinsgesindes uit om by die Verenigde Party aan te sluit, wat hulle stap vir stap na 'n republiek sal lei. Kom hy in Malmesbury, waar die republikeinse ideaal net so sterk leef, raak hy so in vervoering oor die blye vooruitsig dat hy geesdriftig uitroep, "Ek is vir 'n republiek - hart en siel.... Die feit is dat dr. Malan die grootste vyand van 'n republiek is."[45] Die berig het beweer dat wanneer Kemp in die Parlement sit of Londen besoek, sy republikeinse belydenis verander in 'n bewondering vir die monargale stelsel, net soos hy van sy plaasklere verwissel om 'n manel aan te trek. Volgens die berig het hy dan nie meer aan die republikeinse ideaal geglo nie en kon hy met vuur aan 'n Londense joernalis vertel: "Daar is geen hoop vir 'n republikeinse idee in Suid-Afrika nie ... Wat is die nut van 'n geloofsbelydenis wat nie tot uitvoering gebring kon word nie, en wat heeltemal van die werklikheid ontbloot is?"[46]

Voorts is berig dat wanneer Kemp in die Parlement sit en, sonder om te bloos of te protesteer, hoor hoe Smuts op die platteland verklaar dat die Afrikaanse volk nie republikeinsgesind is nie, voel hy hom weer die oortuigde monargis. In teenstelling met sy kollega durf hy dit egter nie op die platteland verkondig nie. Die berig vra of daar enige waarde geheg moet word aan sy politieke leerstellings: "Die plattelander wil hy voer na 'n republiek waarvan die president die staatshoof sal wees, maar die stedeling wil hy weer voer na die Britse troon, om daar hulde en trou te gaan sweer aan 'n vors wat die Afrikaner se taal nie kan praat nie, wat nie in sy land woon nie en vir sy nasionale en kulturele strewe niks kon voel nie."[47]

Die **Sunday Times** van 27 Maart 1938 het berig dat Kemp se republikanisme 'n klompie mense gehinder het. Die beriggewer meld: "I have said before - and I say it again - that this Republican nonsense is unnecessary, and it brings no votes to the United Party on the platteland. It is also annoying .. General Kemp, as he himself has so readily admitted, has given up the idea of fighting for his Republic. In those matters he is a pure sentimentalist, living somewhat romantically among the forgotten splendours of the past. He is, after all, an ex-Republican General. To him there is still something of the Golden Age about his lingering Republican memories ...But to pretend that General Kemp is guiding this country toward a new Republic is to ignore the facts and to do a grave injustice to the intelligence of General Kemp."[48]

**The Cape Times** van 13 April 1938 berig onder die opskrif "Republicanism by Gradualness": "In 1928 Genl. Hertzog had said that the Empire and Commonwealth

---

45 **Ibid**.
46 **Ibid**.
47 **Ibid**.
48 **VP-argief**, korrespondensie D 1932-1940, berig in **Sunday Times**, 27 Maart 1938.

were no more than mere names, and on April 5, 1938, General Kemp at Humansdorp had said that the bogey of the British connection was not founded on fact."[49] Hieruit blyk dit dat Kemp se uitsprake verwarring, ook by Engelssprekendes, teweeggebring het.

Tydens 'n openbare vergadering op 14 April 1938 te Potchefstroom, het Kemp verklaar dat hy sou verseg om weer 'n enkele skoot vir 'n republiek af te vuur. Die uitlating is begroet met uitroepe van: "Jy is bang."[50] Toe hy uiteindelik toegelaat is om weer iets te sê, het hy die sewe punte van koalisie behandel en die vraag gestel of die punte, wat goed genoeg was by die ondertekening van die vredesverdrae, dan nie goed genoeg was by Samesmelting nie - dit het die handhawing van vrede beoog.[51] Te Parktown-Noord, op 21 April 1938, het JH Hofmeyr gesê dat die Regering nog nooit daaraan gedink het en ook nooit daaraan sal dink, om enige van die voorregte wat verband hou met die gemeenskaplike status as Britse onderdane, prys te gee nie. Die Regering sal die benadering net so behou. In verband met die republikanisme het hy gesê dat Kemp miskien nog die republikeinse sentiment koester, maar dat hy goed besef dat die volk van Suid-Afrika nie 'n republiek wou hê nie.[52]

In Mei 1938, tydens 'n vergadering op Biesiesvlei, het mnr. J Mommsen van Lichtenburg aan Kemp gevra of Suid-Afrika, in geval Engeland in 'n oorlog met 'n ander land betrokke sou raak, neutraal sou bly? Kemp het bevestigend geantwoord, op voorwaarde dat die Parlement sou besluit om neutraal te bly.[53] Voorts het Mommsen aan hom gevra wie Simonstad moes verdedig, waarop Kemp geantwoord het dat dit die plig van Suid-Afrika was. Hierop wou Mommsen weet dat indien Suid-Afrika neutraal was, en terselfdertyd Simonstad sou verdedig, sou die land wat met Engeland in 'n oorlog betrokke was nie die reg gehad het om die res van die kuslyn aan te val nie? Volgens Kemp was dit onmoontlik.[54]

As groot voorstander van die demokratiese regeringsbeginsel, het Kemp op 24 Junie 1939 te Christiana tydens 'n vergadering in die Stadsaal gesê dat 'n republiek alleen verkry kon word deur óf 'n oorlog - en dan sou die kinders en vrouens ly - óf deur die volkswil; maar die suurdeeg moes deurtrek en so gou as wat die volk 'n republiek wou hê, kon hulle dit kry.[55] Hy was steeds van oortuiging dat die volkswil deurslaggewend moes wees.

---

49 **The Cape Times**, 13 April 1938.
50 **Die Transvaler**, 15 April 1938.
51 **Ibid**., 18 April 1938.
52 **Ibid**., 22 April 1938.
53 **JG Strijdom-versameling**, band 156, p. 256.
54 **Ibid**.
55 **Die Transvaler**, 26 Januarie 1939.

**Die Transvaler** van 8 April 1939 het 'n brief van mnr. CJS Lombard, Devona, distrik Ladysmith, geplaas, waarin hy meld dat hy Kemp nie juis bejammer omdat hy die weg na 'n republiek deur die Verenigde Party soek nie, en omdat daar op die pad van die Verenigde Party nie so iets is nie. Hy bejammer hom omdat hy kort-kort in botsing was met sy "base".[56] Die briefskrywer meld voorts dat indien jy aan elke minister afsonderlik sou vra wat die Unie se beleid was indien Engeland in 'n oorlog betrokke sou raak, elkeen 'n ander storie sou hê: "'Ons maak soos ons in 1914 gemaak het', sal genl. Smuts sê. 'Engeland se belang en veiligheid is ook ons belang en veiligheid', sal min. Clarkson sê. 'Die Volksraad sal besluit,' sal genl. Kemp sê. 'Die Kabinet sal besluit', sal min. Fourie sê. 'Deur middel van die volk sal die Parlement besluit,' sal genl. Hertzog sê. 'Die Regering sal besluit,' sal min. Havenga sê. 'Die volk sal gevra word om te besluit,' sal 'n ander sê."[57] Volgens hom was dit duidelik dat daar net soveel beleide oor dieselfde saak was, as wat daar ministers in die Kabinet was. Op Saterdag, 3 Mei 1939, het Kemp 'n vergadering op Bethlehem bygewoon. Tydens die vergadering het mnr. RAT van der Merwe vir Kemp uitgevra oor sy republikanisme. Kemp het hom geantwoord dat hy nog 'n republikein in sy hart was en dat die Verenigde Party-konstitusie nie sy lede verbied het om vir 'n verandering in regeringsvorm te agiteer nie.[58]

Tydens 'n toespraak te Ficksburg, op 5 Junie 1939, het Kemp gesê die Nasionaliste was die grootste vyand van die Republiek, wat alleenlik verwesenlik sou kon word indien 90% van die bevolking ten gunste van die verandering in regeringsvorm sou stem. Deur die Verenigde Party te probeer breek en die Engelssprekende te vervreem, het die Nasionale Party volgens hom groot skade aan die republikeinse ideaal aangerig. Voorts het hy gesê dat diegene wat 'n republiek verlang, by die Verenigde Party moes aansluit om sodoende die Party te verander ten opsigte van republikanisme. Hy het herhaal dat die Regering nie tot 'n oorlog sou toetree tensy die land aangeval word nie.[59]

Op 'n vergadering te Potgietersrus op 28 Julie 1939, het Kemp in sy toespraak uitgeroep dat "die Afrikaanse volk 'n vry volk is met 'n eie vlag. Wat wil hulle dan meer hê?"[60] **Die Transvaler** het op 31 Julie 1939 berig dat deur so 'n vraag te stel Kemp op oortuigende wyse toon dat hy totaal uit voeling met die nasionale aspirasies van die Afrikaanse volk was. Die beriggewer het dit só gestel: "Die Afrikaner is in murg en been republikein en voel dat hy alleen onder dergelike regeringsvorm

56 **Ibid.**, 8 April 1939.
57 **Ibid**.
58 **JCG Kemp-versameling**, Band 19, ongepagineerd; RAT van der Merwe was die Nasionale Party-volksraadslid vir Bethlehem vanaf 1929.
59 **The Friend**, 7 Junie 1939.
60 **JCG Kemp-versameling**, Band 8, berig in **Die Transvaler**, 31 Julie 1939.

hom ten volle kan uitleef."[61] Die berig het verder gemeld dat om die ideaal te bereik, daar nog baie bande met Brittanje was wat verbreek moes word en dat Kemp blykbaar tevrede was met die omstandighede, insluitende die bande - of dat hy gemaak het of hy dit nie raaksien nie. Wat betref Kemp se opmerking in sy toespraak dat "die Afrikaanse volk 'n vry volk was....", meld die berig dat Kemp nie vir sy volk vertel het hoe vry hulle was nie.

Oor Kemp se "vryheid" maak die beriggewer 'n aantal stellings. Die eerste was ten opsigte van die bande met die Britse Kroon; dit pas tog seker nie by die "vrye volk" van Kemp om 'n staatshoof te hê wat in 'n ander land woon en die taal van die Afrikaner nie kan praat of nie iets vir sy nasionale aspirasies voel nie. Hy het voorgestel dat daar in die plek daarvan 'n staatshoof moes kom wat uit die volk en deur die volk gekies is. In die tweede plek was dit 'n onding dat die lede van Kemp se "vrye volk" nog steeds met die Britse onderdaanskap opgeskeep gesit het. Soos slegs 'n paar maande tevore geblyk het, behou die Britse Regering hom die reg voor om selfs Afrikaners wat in Engeland woonagtig is, vir militêre diens op te roep. Die beriggewer wil hê dat die Afrikaner van hierdie Britse burgerskap bevry moet word.[62] In die derde plek moes Kemp se "vrye volk" se geregshowe bevry word van die Britse Geheime Raad se reg om beslissings omver te werp. "Geen soewereine staat ter wêreld sal so iets duld nie, behalwe wanneer 'n mens behep is met so 'n minister se idee van vryheid," is beweer.[63]

In die vierde plek moes dit nie vir Kemp se "vrye volk" nodig gewees het om die Britse vlootbasis by Simonstad teen vyandelike aanvalle te verdedig nie, aangesien sy kollega, minister HA Fagan, self verklaar het dat hierdie toestand die Unie teen sy wil in 'n oorlog kan insleep.[64] Die koerant meld ten slotte dat dit net 'n paar van die bande was wat geknip moes word, voordat Kemp met reg sy volk "vry" kon noem.[65]

In 'n boodskap aan lede van die Verenigde Party in die Transvaal op 28 Augustus 1939, het Kemp, as Voorsitter van die Bestuurskomitee van die Party, gemeld dat as gevolg van die spesiale sitting van die Parlement, die Partykongres wat van 5-7 September 1939 in Johannesburg sou plaasvind, uitgestel moes word. Alle reëlings vir die kongres sou oorstaan tot 'n latere datum. Kemp het aan die lede geskrywe dat hulle nie onnodig onrustig moes wees oor die byeenroep van die spesiale sessie van die Parlement nie. Hy het gemeld: "It is true that world conditions are very serious. Although all of us hope that there will be a peaceful solution, it is possible

61 **Ibid**.
62 **Ibid**.
63 **Ibid**.
64 **Ibid**; HA Fagan was Minister van Naturellesake, Binnelandse Sake en Volksgesondheid.
65 **Ibid**.

that we may be disappointed. Nobody knows where it is all leading to and when the worst may happen."[66]

Volgens Kemp was dit die beleid van die Regering om Suid-Afrika uit Europese skermutselinge te hou. Hy het gesê dat die Kabinetslede telkemale vantevore verklaar het dat die Unie slegs aan 'n oorlog sou deelneem, indien die Parlement sou besluit dat Suid-Afrika se belange in gevaar gestel word en dat daar geen ander uitweg was as om die belange met die wapen te beskerm nie. Hy het versoek dat volle vertroue in die Parlement gehandhaaf moes word en dat hulle die land uit die oorlog sou hou solank sy belange nie in gevaar was nie.[67] "Those who want to interpret this as a precautionary step to partake in a European war are very much at fault. If war should come, the provision the Government is now making may even be necessary to keep us out of such a struggle",[68] het Kemp geskrywe. Ten slotte het hy gemeld: "... I wish to express the fervent hope that the world may even at this juncture be saved from the disasters of war."[69]

JG Strijdom skrywe op 28 Augustus 1939 aan CR Swart: "Moet ons gaan oorlog maak om Duitsland te belet om terug te kry wat van hom met geweld geneem was? Ou maat die hare sal spat, veral Pirow s'n, met die sitting van Saterdag af!!! Ek verlustig my al byvoorbaat daarin. En moet nie praat van Jan Kemp nie!"[70]

Die **Natal Witness** van 31 Augustus 1939 verklaar in 'n hoofartikel dat dit ongelukkig was dat Kemp in sy skrywe aan die lede van die Verenigde Party in Transvaal praat van "Europa se rusies".[71] Volgens die blad was dit dwaas om die Europese toneel met afgesonderdheid te bejeën, aangesien alles wat in Europa gebeur ook die Suid-Afrikaanse volk beduidend geraak het. Die berig het gemeld dat lewensbeginsels op die spel was en as dié beginsels in hierdie tyd ten gronde sou gaan, dit 'n hervorming van Suid-Afrika se binnelandse en buitelandse beleid ten gevolge sou hê.[72] Die blad berig voorts dat Kemp se beskrywing van die Europese toestand vir geen intelligente persoon tot nut kon wees nie. Die blad vervolg deur te sê dat net soos die Engelsman in Engeland, die Engelsman hier ter plaatse, in die beslissing van die volk se hoogste wetgewende liggaam moes berus. "Dit is geen akademiese saak vir 'n konstitusionele debat of haarklowery nie. Wat ons betref het ons nooit enige twyfel gehad oor wat van die onsydige vraagstuk sal word nie.

66 **JG Strijdom-versameling**, Band 159, berig in **The Star**, 28 Augustus 1939.
67 **Ibid**.
68 **Ibid**.
69 **Ibid**.
70 **Ibid**., Band 50, brief van CR Swart aan JG Strijdom, 28 Augustus 1939; adv. CR Swart was die Nasionale Party Volksraadslid vir Ladybrand.
71 **Natal Witness**, 31 Augustus 1939; **Die Burger**, 31 Augustus 1939.
72 **Ibid**.

Suid-Afrika sal nie toegelaat word om onsydig te bly nie. Hy sal moet veg, nie om Engeland se bestaan nie, maar om sy eie", lui die berig.[73]

Tydens die Verenigde Partykongres, in September 1939, het Kemp in sy openingsrede oor die neutraliteitskwessie gesê dat niemand die volk in 'n oorlog wil sleep nie, maar dat geen verantwoordelike leier mag toesien dat sy volk deur 'n vyand platgetrap word nie. Hulle bly dus solank moontlik neutraal in enige oorlog wat sou kom. Alleen die aard en omvang van die oorlog sou bepaal of hulle daarin betrokke sou wees. Tot in daardie stadium was daar nog geen tekens dat hulle in 'n oorlog betrokke sou raak nie.[74]

## TER AFSLUITING

Die vraag wat na vore kom, is of die eens geharde republikein, Jan Kemp, 'n ommekeer beleef het? Dit is interessant om te sien dat heel gou na samesmelting sommige Afrikaners reeds veroordelend teenoor Kemp gestaan het. Reeds op 1 Oktober 1934 het LD de Jager, van Deelfontein in die Carnarvon-distrik, aan L Esselen by die Suid-Afrikaanse Party se hoofkantoor geskryf en hom gevra waarom hulle Kemp na dié dele van die land wou stuur. Volgens De Jager was Kemp een van die ongewildste persone onder die Nattes aldaar.[75]

As verklaring vir Kemp se optrede kan aanvaar word dat sy lojaliteit teenoor Hertzog en die Party tot sy optrede aanleiding gegee het. Hy was 'n man wat, wanneer hy sy lojaliteit aan 'n persoon of party gegee het, onwrikbaar daarby gestaan het. Met samesmelting was dit logies dat die republikeinse verwagtinge van die Nasionale Partylede sou verander, aangesien hulle 'n "politieke huwelik" met imperialiste en anti-republikeine aangegaan het. Ter wille van die werkbaarheid van die Samesmelting, was hy gevolglik verplig tot 'n meer gematigde siening oor die beginselsaak, veral ten opsigte van die Engelssprekendes. Kemp was blykbaar 'n pragmatis.

Wat Kemp betref, kan daar twyfel bestaan of hy werklik die republikeinse ideaal op 'n syspoor gestoot het. Diep in sy wese was hy 'n nasionalis en geharde republikein. Hy was egter vanaf 1934 van die politieke oortuiging dat die heil van Suid-Afrika binne die Verenigde Party bereik kon word, aangesien hy sedert die Rebellie 'n voorstander daarvan was dat die meerderheid van die volk daaroor moes beslis. Hy het gevolglik dan ook, tot argwaan van mede-partygenote, van tyd tot tyd aan sy

73 **Ibid** (vertaling).
74 **J.C.G. Kemp-versameling**, Band 6, Generaal Kemp se openingsrede by die VP-kongres, 5 September 1939.
75 **VP-argief**, korrespondensie D1032-1940, brief van LD de Jager aan Louis Esselen, 1 Oktober 1934.

republikeinse gevoelens uiting gegee. Smuts het na sy republikeinse opmerkings as 'n grap verwys.

Daar moet op gelet word dat hy in 1937 in die Oos-Vrystaat met groot beslistheid verklaar het dat hy nog 'n republikein was. Sy aandrang op demokrasie was gevolglik die deurslaggewende beginsel in sy optrede. Die naderende Europese oorlog van 1939 het sekerlik ook 'n invloed op sy siening gehad, aangesien deelname aan so 'n oorlog weer eens die emosies van 1914 na vore sou bring. Op 6 September 1939 was hy verplig om 'n keuse te maak en het hy as teenstander van die Unie se betrokkenheid by die Tweede Wêreldoorlog, getrou aan sy gewete, teen die deelname van die Unie van Suid-Afrika gestem. Dit is dus te betwyfel of sy republikeinse ideaal verflou het, omdat hy gereeld in die openbaar verklaar het dat hy onder 'n republikeinse vlag gebore is en graag onder een sou wou sterf. Sy siening in verband met die bereiking van die republikeinse ideaal het verander - dit moes eerder op 'n politieke as 'n militêre wyse bereik word.